

**Skriflesing:** Eksodus 1

Teks: Eksodus 1:5,10,22

Sing- VOORAF SANG- Ps 118:1,14

TYDENS EREDIENS - Ps. 146:1,5; Ps. 107:1,3; Ps. 77:6,7; Ps. 124:1,4

**Eksodus 1**

Exo 1:1 Hier volg die name van die Israëliete wat saam met Jakob na Egipte toe gekom het, elkeen met sy gesin:

Exo 1:2 Ruben, Simeon, Levi en Juda;

Exo 1:3 Issaskar, Sebulon en Benjamin;

Exo 1:4 Dan, Naftali, Gad en Aser.

Exo 1:5 Jakob het sewentig afstammelinge gehad. Josef was toe al in Egipte.

Exo 1:6 Met verloop van tyd het hy en al sy broers, daardie hele geslag, gesterwe.

Exo 1:7 Die Israëliete was vrugbaar en het vermeerder. Hulle het baie geword, so baie dat die land vol was van hulle.

Exo 1:8 Toe 'n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers,

Exo 1:9 het hy vir sy volk gesê: "Besef julle dat die Israëliete nou meer en sterker is as ons?"

Exo 1:10 Kom ons bedink 'n plan teen hulle sodat hulle nie kan vermeerder nie. Anders kan dit gebeur dat as daar oorlog uitbreek, hulle dalk by ons vyand aansluit om teen ons te veg en ons land te oorweldig."

Exo 1:11 Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel om hulle met dwangarbeid te onderdruk. Hulle moes die voorraadstede Pitom en Rameses vir die farao bou.

Exo 1:12 Maar hoe meer die Israëliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so 'n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle.

Exo 1:13 Die Egiptenaars het slawe gemaak van die Israëliete

Exo 1:14 en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen.

Exo 1:15 Die Egiptiese koning het vir die Hebreëuse vroedvroue Sifra en Pua gesê:

Exo 1:16 "As julle 'n Hebreëuse vrou by geboorte bystaan en julle sien by die kraambed dat dit 'n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit 'n dogter is, mag sy bly lewe."

Exo 1:17 Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe.

Exo 1:18 Die Egiptiese koning het die vroedvroue ontbied en vir hulle gevra: "Waarom doen julle dit? Waarom laat julle die seuntjies lewe?"

Exo 1:19 Toe antwoord die vroedvroue die farao: "Die Hebreëuse vrouens is nie soos dié van Egipte nie, hulle is sterk van gestel: voordat die vroedvrou by hulle kom, is die kind al gebore."

Exo 1:20 As gevolg hiervan het die volk aanhou vermeerder en baie talryk geword. God het toe die vroedvroue self ook voorspoedig gemaak.

Exo 1:21 Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.

Exo 1:22 Daarna het die farao sy hele volk beveel: "Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe."

**Skriflesing:** Eksodus 1

Teks: Eksodus 1:5,10,22

Sing- VOORAF SANG- Ps 118:1,14

TYDENS EREDIENS - Ps. 146:1,5; Ps. 107:1,3; Ps. 77:6,7; Ps. 124:1,4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- die verhaal van Eksodus is 'n verhaal van klein na groot.

Is 'n verhaal van swaarkry en baie vrae. Dis 'n verhaal van moenie dink God is nie aan die werk as jy as mens nie direk sy werke sien nie. Ons het begin lees van Jakob, hy wie se naam bedrieër beteken. Ons lees sy kinders se name. Op die einde staan daar dat hulle was nie eers 100 nie, 70 mense, 'n ou handjievool. In totaal is hulle minder as ons gemeente wat ook 'n klein gemeente is.

Mense uit hulle land, wel nou in Egipte. Op die oog af 'n land in daardie tyd gemeet hoog beskaaf, sterk gevestig. En daar sterf 'n paar geslagte uit. 400, of dalk selfs 430 jaar gaan verby.

\*\*\*

Geskiedenis is mos maar altyd 'n snaakse ding. Mense kom en mense gaan. Geslagte kom en geslagte gaan. Hier gebeur wat in die geskiedenis so maklik gebeur. Twee dinge. Mense kyk na hulle eie welvaart en mense vergeet van wat vroeër was. Die kwessie van om die geskiedenis op bladsye te lees wat andere nie meer lees nie, gebeur ook daar in Egipte. Ons lees in vers 8 van daar het 'n nuwe koning in Egipte gekom wat van Josef en sy geskiedenis, dit wat so 'n besondere geskiedenis was, niks meer geweet het nie. Tragies, hulle was aan hulle standarde gemeet 'n baie moderne volk, hulle het egter nie 'n saak met wat in die verlede gebeur het nie. Belangriker as die verlede is vir hulle die hede. Hoe tragies as jou eie tyd vir jou so belangrik geword het dat jy nie eers 'n paar honderd jare in die verlede kan verreken waar God vir ons die groot lesse van die lewe reeds so duidelik opgeteken het nie. Beswaarlik kry die meeste mense nie eers 30 jaar terug se geskiedenis verreken nie.

Dan gebeur in die hede die vrese vir die toekoms. Dis hoe die mense se koppe werk, ook maar ons koppe. Israel se 70 mense, word in die volgende drie na vier eeue 'n nasie waarvan die getalle word dit wat God se belofte aan Abraham al was. God wat reg werk, werk dikwels op ander plekke as wat ons dink die regte plek sou wees. God het aan Abraham 'n eie land en 'n groot volk beloof. Ons sou dink ek moet eers my eie land hê, ek moet my eie grond hê, ek moet sekuriteit hê, ek moet 'n huis hê, voordat ek mag dink aan kinders en aan baie mense. Waar gaan die baie mense bly, wie gaan vir hulle sorg. Eers 'n huis en dan 'n kind. Hier sien ons iets van eers die getalle, later sal die land kom. Die volk gaan die land vooraf en dis nie die land wat die volk voorafgaan nie. God se beloftes tree in vervulling waar die mens met sy planne nie kan bykom nie.

\*\*\*

In Egipte word Israel so talryk dat ons lees van die eerste vrese vir demokrasie. Mense word bang as getalle te veel word. Bang vir hulle eie toekoms, hulle eie plek, hulle eie veiligheid. Egipte begin met wat hulle hulself mee wil prys- *Kom ons bedink 'n plan teen hulle...*(die Hebreuse *hacam*- dui op geakkumuleerde kennis) Dis 'n plan wat met berekeninge gepaardgaan. Wysheid was nodig. 'n Plan om hulle bevolkingsaanwas te verminder is om hulle

na die steengroewe uit te dryf. Dis asof hulle plan is om Israel daar in die steengroewe vas te druk. Menslike planne wat glo dat as ons hulle daar vasdruk dan gaan die vaste produksiekwotas, al moeiliker werksure, hoë profyte wat nagejaag moet word... ongelukkige werksomstandighede veroorsaak. So glo die Egiptenare dit gaan mos deurwerk na die huise en na die huwelike en na die kinders. Die kinders sal, ja menslike planne was van mening die kinders sal minder word.

Min was die mense in staat om te reken wat God reeds bereken het. In God se Woord word daar met die verkiesing en met die verbond gewerk. God werk met 'n getal wat moet vol word en 'n verbond wat moet deurwerk. Die uitverkiesing wat vir Israel en vir ons in Suid-Afrika dieselfde moet beteken. Vir Abraham, vir Jakob, vir Israel sê die uitverkiesing jy kan dalk jou eie planne wil maak maar God het dalk met jou 'n heeltemal ander plan.

\*\*\*

Abraham toe hy nie by Sara kinders kry nie, toe kry hulle vir Hagar, sy moet baar, sy moet God se plan aan die werk sit. Dit werk nie so nie. Jakob, hy was 'n man van baie planne, dikwels bedrieglike planne. Die naam Jakob beteken nie verniet bedrieër nie. Met 'n slinkse plan is sy broer Esau verneuk, met berekende planne het hy sy skoonpa Laban gemeet en het hulle mekaar benader. Jakob wou self sy roeping en verkiesing vasmaak. God moes Jakob vleeslik inbreek, by die Jabbok het hy so met God geworstel dat God sy heup ontwig en sy sening lamslaan dat hy met sy senings in sy arms aan God moes vasgryp en smeek, seën my tog net en God het Jakob geseën, wat ons in Egipte die getalle sien, al sien ons nog nie die grond nie.

Ja, die Jakob wie se naam *bedrieër* beteken, word nou Israel genoem. Watter pragtige naam wat hy voortaan kon voortdra, want om Israel te wees is waar God jou noem sy vors. Israel beteken "Vors van God". Die vors word die vorstelike vader, van 12 seuns. Die 12 seuns word die 12 stamme van Israel. Jakob bly deel van die drietal, Abraham, Isak en Jakob, vaders van die vorstelike volk Israel, waarvan Jakob hulle naam vooruit gedra het. Wonderlik hoe God se beloftes werk, altyd gee dit nog weer hoop, dit gryp vooruit. Dit waarborg 'n toekoms, waar mense dink geen toekoms meer kan wees nie.

Ons het ook 'n drietal planne gelees hoe Egipte gedink het om Israel se toekoms van hulle weg te neem. Eers die geweldige werksdruk, daarna die vroue, vroedvroue, twee vroedvroue, Sifra en Pua wat self op Israelitiese stoele gesit het, maar het hierdie vroue buiten hulle mediese plek 'n onheilige opdrag ontvang. Kyk na die Israelitiese geboortestoel. As dit 'n seuntjie is wat gebore word, maak hom dood. Dogtertjies kan maar bly lewe, maar maak die mans minder, dan verbaster die vroue. Jy kry dan 'n volk doodgemaak in sy vroue wat nog kan lewe, maar die volk van God, die kerk moet 'n stadige maar sekere dood sterf deur mense wat moet uitsterf. Farao maak een groot fout, wat so maklik gemaak kan word. Hy onderskat die krag van vroue op twee maniere.

\*\*\*

Hy onderskat die krag van geloof en die krag van geboorte. Die twee vroedvroue, Sifra en Pua se geloof was so sterk dat hulle Farao se opdrag kon weerstaan. Hulle maak nie die seuntjies dood nie en hulle rede is die krag van geboorte. Hulle steek die krag van hulle geloof agter die krag van ander vroue weg. Daar is niks mee verkeerd nie. Die gemeenskap van heiliges mag bymekaar krag vind. Want sê die twee vroue nie waar hulle eintlike krag, hulle geloofskrag vandaan kom nie. Hulle sê die Hebreeuse vroue is sterk by geboorte, hulle skenk geboorte nog voor die vroedvrou daar is, dan is daar nie meer kans om die seuntjies dood te maak nie.

Satan met sy onheilige alliansie het egter die mens na die rivier gestuur. Toe die plan met die vroue nie werk nie, toe word die rivier die monster gemaak. Die rivier was die derde plan wat al die Israelitiese seuntjies moes opsluk, reeds by geboorte, hulle was nog nie eers besny nie. So het hfst. 1 geëindig- *Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi...*

Dis 'n verskriklike saak, van steengroef na die rivier, dit om mense se toekoms van hulle te probeer wegneem. Van klip na water word daar beweeg om kindertjies soos klippies in die rivier te gooi. Hulle moet sink, maar God se beloftes kan nie sink nie. Mag ons dit in ons land, in ons tyd ook maar net weer raaksien en dit goed besef. Ons voel in baie opsigte ons land is 'n politieke gemors. Dit is só. Vir weke beleef ons nou al wat die ANC in 'n kort tyd reggekry het om die land so te beroof dat van 'n ordentlike kragvoorsiener daar nie eintlik meer sprake is nie. Elke dag verloor ons miljoene aan manne-ure, miljoene in geldwaarde en aan die ekonomie wat

op die rante van die afgronde heelyd rondgestoot word. Dit laat baie wonder is daar nog vir ons 'n toekoms in hierdie land.

Wie Eksodus lees om dit werklik gelowig te lees sal besef my toekoms en die kerk se toekoms en die gelowige Afrikaner se toekoms word nie in die steengroewe en in die riviere vernietig nie, dit lê waar andere dink dit nie kan lê nie. Dit lê in die krag van die geloof. Dit lê waar mense dink hulle die swakkeling is, maar hulle is eintlik die sterkeres.

\*\*\*

Dis eintlik so wonderlik, hoe sterk God is as die mens swak is. Die twee vroedvroue, deel van die swakkere geslag, hulle moet ander vroue se kindertjies doodmaak, die geboorteslag moes sommer ook die doodslag wees. Vroue se rol in die Eksodus-kerk moet ons nie onderskat nie. Die swakkeres is die sterkeres, want dit is twee eenvoudige vroue Sifra en Pua wat hierdie magtige Farao, ons ken hom by name Ramses II uitoorlê. Hierdie Ramses was 'n avontuurlustige man met 'n imperialistiese drang. Hy was in Egipte bekend as 'n meesterbouer, ja die stede wat hy gebou het staan in ander boeke bekend as Per-Ramses en Pi-Tum. Eksodus 1 praat wel ook van Pitom en Ramases (v 11).

Tog hou die rol van vroue in die begin van die Eksodus-kerk nie op by die twee vroedvroue nie. Kort hierna sal ons later in Eksodus kan lees van 'n klein Hebreuse dogtertjie Miriam wat deur die Here gebruik word om die magtige Ramses se dekreet te omseil, want hoe ontsluit die verhaal hom nog vêrder in vrouehande. Dis juis Farao se dogters, die jongedogters van Ramses II wat wou gaan bad, in die rivier hulleself gaan reinig, waar baie kinders in onreinheid sou sterwe, die rivier wat moet doodmaak, kan ook skoonmaak.

Ja, die rivier kan ook red, is eintlik alreeds die verhaal van Eksodus 2. Die verhaal van 'n Moses wat 'n vrouestem dit gesê het- *Ek het hom mos uit die water getrek ...* Dis 'n aangrypende naam want gewoonlik is die woord Moses gebruik by die geboorteproses, hy is uit die vrou se vrugwater gehaal, maar hier kom Moses vry uit die vrugwater en uit die rivierwater, hy word eintlik kind van die water. Soos die Egiptenare gewoonlik met hulle afgodsbeeldjies gemaak het, so word nou met hierdie kindjie gemaak, hy word in 'n mandjie op die rivier neergesit. Daar

dryf hy, maar hy dryf nie weg nie, God stuur daardie mandjie soos wat God jou en my lewe stuur.

Daarmee kan ons vir eers hier eindig. Ons vryheid en ons werk is genadiglik nie in die hande van die politici nie, van korrumpie politici is ons nooit gevrywaar nie. Maar laat ons beseft ons is nie in hulle hande nie, maar is in God se hande. Die ware vryheid lê in Hom wat sy lewe lank vir ons gewerk het, toe Hy op aarde was, Jesus Christus, maar wat ook nou nog werk, waar Hy in die hemele is. Ons beleef moeilike tye en dit gaan waarskynlik nie gou makliker word nie.

Tussen die steengroewe en die water van groot riviere wil mense jou en my toekoms probeer vernietig, maar kom ons vergeet dat dit ons toekoms is, ja ook die toekoms tussen vandag en môre is God se toekoms, dit lê in God se hande. Mense kan selfs dalk nog grond wil vat, ja die grondgrype-wetgewing is al weer aan die gang. Watter troos as ons beseft die ware kerk se toekoms sal nie gevat kan word nie. Onthou die volk, die ware Godsvolk, die Kerk gaan die land vooraf. Dit mag niemand vergeet nie! Ook nie ons nie.

AMEN